

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v De Wee (SS75/02) [2002] ZAWCHC 79 (4 July 2002)

[2002] ZAWCHC 79

COURT

Western Cape High Court, Cape Town

BEFORE

Williams

CASE / FILE NUMBER

SS75/02

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA

(WES KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)

SAAKNOMMER: SS75/02

DATUM: 4 JULIE 2002

In die saak tussen:

DIE STAAT

en

ISRAEL DE WEE

VONNIS

WILLIAMS, WnR

Die beskuldigde, Israel De Wee, het in die Streekhof gehou te Robertson skuldig gepleit en is skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en diefstal en 'n klag van verkragting. Die klaagster, Ingrid Dickson, 'n 52 jarige vrou, ly aan 'n mediese toestand bekend as Spinal Cerebella Degeneration, ek ken ongelukkig nie die Afrikaanse benaming vir die toestand opspoor nie, maar dit behels die agteruitgang van die gedeelte van

die brein wat die liggaamsbewegings kontroleer en gaan gepaard met die verbrokkeling van die senuwees in die ruggraatstelsel.

Die Streeklanddros het bevind dat die verkragting as gevolg

van die klaagster se fisiese gestremdheid binne Bylae 2 val van Wet 105 van 1997, synde verkragting waar die slagoffer 'n liggaamlik gestremde vrou is wat weens haar liggaamlike gestremdheid veral trefbaar is en is die beskuldigde dus verwys na die Hoër Hof vir vonnis ingevolge Artikel 52 (1)(a) van die Wet. Die skuldigbevindings is in hierdie Hof bekragtig.

Mnr Nel, wat vir die beskuldigde verskyn, gee ook toe dat die klaagster gestremd is en dat die misdryf, die verkragting, binne Bylae 2 val. Die Hof is dus in terme van Wet 105 van 1997 verplig om die beskuldigde tot lewenslange gevangenisstraf te vonnis, tensy die Hof tevrede is dat daar dwingende en wesenlike omstandighede bestaan wat die oplegging van die mindere vonnis regverdig.

Die getuienis in hierdie saak is as volg; die klaagster het getuig dat sy en haar man, wie in Johannesburg woon, 'n vakansiehuis te McGregor gehad het en dat hulle beplan het om na haar man se aftrede hulle permanent daar te vestig. Ten tye van die voorval, 24 Februarie 2001, was die klaagster vir ongeveer 'n maand alleen op McGregor waar sy die verbouing en restourasiewerk aan die huis oorsien het. Die beskuldigde is 'n neef van die bouers by die huis en het handlanger werkies daar verrig wanneer benodig. Hy is dan op 'n daaglikse basis betaal vir sy werk.

Toe die voorval plaasvind het beskuldigde vir omtrent 'n week nie by haar gewerk nie. Gedurende die dag van 23 Februarie 2001 is 'n nuwe deur wat toegang tot die woning verleen in die huis ingebou. Toe die bouers die Vrydagmiddag oppak was die pleister rondom die deur nog nie droog nie en is daar probeer om die ingang te beveilig deur die deur met drade en spykers te verstewig. Die klaagster self het 'n stuk seil aan die buitekant vasgemaak om die onklaar gedeelte te versteek totdat die bouwerk weer hervat.

Die Vrydagnag het klaagster in haar bed gelê en slaap toe sy skielik wakker word en bewus word dat daar iemand in haar slaapkamer

is. Toe sy omdraai het die beskuldigde, wat langs haar bed gestaan het, haar aangeval, deur hom op haar neer te gooi, die palm van sy een hand styf teen haar mond en neus te druk en met die vingers van hierdie hand in haar oë te druk. Met die ander hand het hy haar om die keel gehad en verwurg. Sy het probeer skree maar kon nie omdat haar mond en keel toegedruk was. Sy kon ook nie haar aanvaller sien nie, omdat hy sy vingers in haar oë gehad het en omdat dit donker in die kamer was.

Daar het 'n struweling plaasgevind tussen die twee en met die het die klaagster dit reggekry om van die bed af te rol. Sy getuig dat sy deurentyd haar bewussyn verloor en herwin het as gevolg van die feit dat sy nie genoegsaam asem kon kry nie. Op die vloer het die beskuldigde bo op haar gelê en sy het probeer om haar voete onder haar liggaam te kry om haar sodoende te kan opstoot. In die proses het sy haar toonnael geskeur. Die beskuldigde het haar toe daar op die vloer verkrag. Na hy haar verkrag het, het

hy haar gevra waar is die geld. Hy het haar toe oor die vloer gesleep met beide sy hande om haar nek. Sy het toe haar beurs uit 'n sak in die spieëlkas gehaal en aan hom oorhandig. Daarna het sy weer haar bewussyn verloor. Toe sy weer haar bewussyn herwin was sy nog op die slaapkamer vloer en die beskuldigde was weg.

Volgens die klagstaaf is R3 500 gesteel, en klaagster verduidelik dat sy veral Vrydae groot bedrae kontant het om die werkers te betaal sowel as vir bou materiaal en die sulks.

Na die voorval het sy behalwe fisiese letsels ook geweldige skok opgedoen en vreeslike emosionele trauma ervaar. Sy moes antiretrovirale medikasie kry om moontlike VIGS infeksie te bestry, met die gepaardgaande nuwe-effekte daarvan. Sy moes vir vele bloedtoetse gaan om te bepaal of sy besmet is met die MI Virus. Tot vandag gebruik sy antidepressante bedags en kalmeermiddels saans. Sy voel bedreig en het haar vertroue in veral mans verloor. Sy kan saans nie meer alleen verkeer nie en kry nog paniekaanvalle, nagmerries en terugflitse.

Na die voorval het sy vier terapie sessies met 'n sielkundige gehad maar sê sy dat sy nie deur hierdie trauma kan werk nie aangesien sy steeds te woedend is vir enige sielkundige om haar te kan help. Die fisiese beserings opgedoen in die voorval word in die mediese verslag wat deel vorm van die rekord, en die mediese getuienis soos volg gelys. Daar was kneusings en klein bloeding aan die voorkop, neus en ooglede. Beide die oog konjunktiva het bloeding gehad, die brug van haar neus was baie geswel, so ook haar lippe. Daar was 'n kneusing aan die voorkant van haar nek, met 'n kneusing op die larynx en agter op haar toraks sowel as oor die blaai. Kneusings en skraapwonde op haar kruis ook. Haar groot linkertoonnael was afgebreek en het sy ook kneusplekke en skaafwonde aan haar onderbene gehad. 'n Ginekologiese ondersoek het 'n kneusing aan die linker labia minora getoon.

Volgens die klaagster is haar fisiese toestand ooglopend vir almal wie met haar kontak het. Sy loop abnormaal en is onvas op haar voete. Haar hande is ook bewerig. Die werkers wat by haar huis te McGregor gewerk het moes opgelet het dat sy nie fisies normaal was nie. Oor sy moeilik loop en verskeie kere sê sy het sy vir hulle koeldrank aangedra en moes hulle kon sien dat sy bewerig is.

Sy was 'n gekwalifiseerde verpleegsuster tot omtrent tien jaar gelede, maar kon as gevolg van haar mediese toestand nie verder die werk verrig nie. Sy kan ook nie self kook of skryf nie. Sy kan ook slegs met die hulp van 'n handreëling trappe op en af beweeg.

Die beskuldigde het ook getuig. Hy is 'n 34 jarige geskeide man, woonagtig by sy ouers te McGregor. Hy het twee kinders onderskeidelik ses en drie jaar oud. Die kinders is woonagtig by hul moeder. Volgens beskuldigde is sy pa 'n pastoor en het die gesin McGregor toe getrek vanaf Atlantis omdat sy pa bang was hy en sy broers word by bende bedrywighede in Atlantis betrek.

Hy getuig dat hy die Vrydagaand voor hy by die klaagster se huis ingebreek het baie gedrink het, volgens hom het hy drie papsakke wyn, bier, sowel as brandewyn met vriende gedeel en het hy boonop twee buttons gerook, dit is Mandrax en dagga gemeng. Die Vrydagaand na hy so gedrink en gerook het, het hy besluit hy wil nog geld hê. Hy het geweet die klaagster het geld in 'n sak wat sy gedurig met haar rond dra, omdat hy by haar los werkies gedoen het en ook omdat hy haar by die winkels gesien het met hierdie sak.

Hy het toe die nag geloop na klaagster se huise, en daar rondgekyk om die huis vir 'n plek om die huis binne te gaan en toe die nuwe deur in die huis opgemerk. Hy het die deur verwyder en so toegang verkry. Volgens hom het hy eers die klaagster se slaapkamer ingegaan, daar rondgesoek, toe na 'n ander kamer en toe weer terug na die klaagster se kamer. Hier het hy die bed lig aangesit. Die klaagster het toe wakker geword en geskree. Hy het toe oor die bed na haar geduik en haar mond toegedruk. Sy het hom probeer wegdruk en moes hy toe noodgedwonge op haar keel druk. Met die struweling het hulle van die bed gerol. Toe hulle op die vloer rondrol het hy seksueel opgewerk geraak en haar verkrag. Daarna het hy die klaagster gevra waar die geld is en het sy self die geld uit die kassie gehaal en vir hom gegee. Hy is toe daar weg terwyl sy teen die kassie bly sit het. Volgens hom was sy nie bewusteloos nie.

Hy is toe reguit huis toe en het vanaf die Saterdagoggend tot met sy arrestasie aan die drink gegaan. Toe die polisie hom by 'n smokkelhuis kry die Sondag was daar nog net omtrent R900 van die R3 500 oor.

Beskuldigde sê dat hy 'n drankprobleem het vanaf die ouderdom van 18 jaar en dat hy as gevolg van die probleem gedurig in die moeilikheid kom by die gereg, en hy het nog nooit voorheen behandeling vir sy drankprobleem ontvang nie. Gedurende kruisondervraging erken beskuldigde dat hy geweet het die klaagster beweeg moeilik en is bewurig. Hy sê verder ook dat hy slegs na die klaagster se huis toe is om geld te kry en dat hy toe sy wakker word en hom sien haar mond en keel moes toe druk om te keer dat sy skree. Hy sê dat sy hom herken het en dat sy gesê het dat sy weet wie hy is, maar juis omdat hy haar geken sê hy wou hy haar nie seermaak nie, en het hy haar net liggies op haar keel gedruk en aangesê om nie te raas nie.

Hy sê ook onder kruisondervraging vir die eerste keer dat die klaagster self vir hom aanleiding gegee het toe hulle op die vloer is deur haar reg te skuif onder hom, en haar bene om hom te slaan en as gevolg hiervan hy met haar seks gehad het.

Die beskuldigde het 'n lang lys van vorige veroordelings wat strek vanaf 1980 toe hy ongeveer 12 jaar oud was, tot met 1999. Daar is altesame agt oneerlikheidsmisdrywe, dit is huisbraak en diefstal, en agt aanrandings. Die beskuldigde was nog op parool na hy gevangenisstraf uitgedien het vir die laaste aanranding toe hierdie misdrywe waarmee ons nou hier te doen het plaasvind.

Mnr Nel betoog dat wat die verkrachtingsaanklag betref daar wel dwingende en wesenlike omstandighede hier te vind is. Hy sê die feit dat die beskuldigde alkohol en dwelmmiddels ingeneem het voor die voorval moet as versagtend gesien word, alhoewel dit nie die beskuldigde se saak is dat hy heeltemal onder die invloed van drank en dwelms opgetree het nie moet ons aanvaar dat die middels sy inhibisies laat verkrummel het en moet dit dus in aanmerking geneem word as versagtend.

Verder betoog hy was dit nie die beskuldigde se bedoeling om die klaagster die nag te gaan verkrag nie, hy wou bloot geld hê. Die verkragting sê Mnr Nel het nie plaasgevind omdat die klaagster gestremd is nie maar omdat die beskuldigde in die worsteling wat plaasgevind het seksueel

opgewerk geword het. Was dit nie vir die feit dat die klaagster wel gestremd het nie sou die saak heel moontlik in die Streekhof

afgehandel word.

Die bewerings gemaak deur die beskuldigde dat die klaagster aanleiding gegee het tot die feit dat hy met haar seks gehad word nie verder gevat in betoog nie, en word daar net gesê dat die beskuldigde seksueel opgewerk geword het in die worsteling. Die beskuldigde se getuienis ten opsigte hiervan word in elk geval verwerp as leuenagtig. Verder sê Mnr Nel dat die fisiese beserings aan die klaagster van so 'n aard was dat sy binne twee ure huis toe gestuur was. Wat die sielkundige

letsels aanbetref word betoog is die klaagster klaarblyklik 'n sterk persoon en alhoewel die verskriklike trauma waardeur sy gegaan het nie weggepraat kan word nie sy self in 'n mate verantwoordelik is vir die feit dat sy nog sielkundig en emosioneel

ly deur die woede wat sy nog openbaar.

Me Greyling betoog aan die ander kant dat die beskuldigde se drank en dwelm inname nie as versagtend gesien moet word nie aangesien hy self bewus is van die feit dat wanneer hy die middels gebruik hy in die moeilikheid kom. Hy gebruik reeds vir jare drank en sy aktiwiteite

die nag spreek ook nie van een wat hoog onder die invloed was van alkohol of dwelms nie. Die feit dat die beskuldigde op parool uit was toe die voorval plaasgevind het moet ook as verswarende geag word. Hy het beplan om die huisbraak te pleeg en te steel juis by die klaagster omdat hy geweet het dat sy alleen is en dat sy 'n fisiese probleem het. Hy het al die geweld gebruik wat hy nodig gehad het om haar onder bedwang te bring. Dit is ook so dat die beskuldigde hier in die getuiebank die geweld wat hy gebruik het wou afmaak deur te sê dat hy haar net saggies gedruk het, dit word natuurlik nie weergegee deur die mediese getuienis nie.

Me Greyling betoog verder dat alhoewel die klaagster nie so erg gestremd is dat sy byvoorbeeld in 'n rolstoel is nie beteken dit nie dat sy nie gestremd is vir doeleindes van die Wetgewing nie, en dus hier in hierdie geval geen dwingende en wesenlike faktore aanwesig is nie.

Dit is nou my taak om te bepaal wat betref die verkragtingsaanklag, of daar wel dwingende en wesenlike omstandighede bestaan wat 'n afwyking van die voorgeskrewe vonnis regverdig. Dat die klaagster gestremd is nie te betwyfel nie, dit was vir die Hof ook ooglopend dat sy moeilik geloop het, sy moes in die getuiebank ingehelp word. Wanneer sy 'n glas water wou drink het sy beide hande om die glas gesit en haar gesig na die glas gebring om te drink. Die vraag is nou of sy veral trefbaar is as gevolg van haar gestremdheid. Die getuienis is dat sy moeilik loop, sy beweerig is, sy nie meer kan skryf of kook nie, na my mening is sy veral trefbaar en Mnr Nel se betoog dat sy nie verkrag is as gevolg van haar gestremdheid nie gaan nie op as versagting nie.

Wat belangrik is, is dat sy 'n vrou is wat haar nie kon verset teen die beskuldigde op dieselfde manier soos 'n liggaamlik gesonde vrou haar sou kon nie. Die feit dat die beskuldigde ook nie beplan het om die klaagster te verkrag nie gaan ook nie op verder nie. Verkragting is in die meeste gevalle geleentheid misdryf, hy het 'n weerlose vrou oorrompel, en in die worsteling het die beskuldigde die geleentheid gekry om vir haar te verkrag, en hy het gebruik gemaak van hierdie geleentheid.

Hierdie klaagster is wreed in haar huis aangeval en verkrag en tot vandag kan sy nog nie die sielkundige en emosionele trauma hiervan verwerk nie. Haar gestremdheid en trefbaarheid as gevolg van haar gestremdheid dra ook heel waarskynlik grotendeels daartoe by dat sy nie die voorval kan verwerk nie. Sy getuig dat sy nou daaglik 'n paniek alarmstelsel om haar nek dra en saans daarmee langs haar gaan slaap.

Die beskuldigde aanvaar ek was gedrink die nag, maar selfs op sy weergawe en pleitverduideliking was hy nie so onder die invloed van drank dat hy homself nie kon beweer nie. Na my mening is hierdie beskuldigde 'n misdadige persoon en is daar wat betref sy persoonlike omstandighede en die misdryf self geen dwingende en wesenlike omstandighede hier te sprake nie. Mnr De Wee u word dus as volg gevonniss.

Wat betref u EERSTE AANKLAG, huisbraak met die opset om te steel en diefstal 6 (SES) JAAR GEVANGENISSTRAF, en wat betref die TWEEDE AANKLAG van verkragting kry u LEWENSLANGE GEVANGENISSTRAF.

/ds /...

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAWCHC/2002/79.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-de-unknown-topic-awchc-2002>

Prepared on 10 October 2026 · Esheria